GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2025

**10870**

**TOERISME**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 200**

**TOERISME**

10870A

**24 bladsye**

X05

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies noukeurig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.
4. Nommer jou vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Gebruik die puntetoekenning van elke vraag as ŉ riglyn vir die lengte van jou antwoord.
6. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Die tabel hieronder is ŉ riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| A | Kortvrae | 40 | 20 |
| B | Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandse Valuta-verhandeling | 50 | 50 |
| C | Toeriste attraksies; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking | 50 | 50 |
| D | Toerismesektore; Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | 30 | 30 |
| E | Binnelandse, Streeks-en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens | 30 | 30 |
| | **TOTAAL** | **200** | **180** |

**AFDELING A: KORTVRAE**

**VRAAG 1**

1.1 Vier moontlike opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in jou ANTWOORDBOEK, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 Die rede waarom lande DBT toepas:

A Om plaaslike mense laat van die werk af huis toe te kom
B Om meer elektrisiteit te gebruik
C Om die toerisme industrie te bevorder
D Om die drie-dubbele slotreël te stop

1.1.2 Die tyd vir middernag:

A 12 nm.
B 00:00
C 23:59
D 01h10

1.1.3 Die reisverwante toestand wat 'n reisiger ervaar wanneer vier tydsones oorgesteek word:

A Vlugvoosheid
B Vlugstroom
C Vluguitputting
D Vlugfobie

1.1.4 … is 'n bakteriese siekte wat hoofsaaklik deur besmette voedsel en water oorgedra word in gebiede waar daar swak sanitasie en higiëne is.

A Hepatitis
B Malaria
C Bilharzia
D Cholera

1.1.5 Een manier om die simptome van vlugvoosheid gedurende 'n vlug te verminder:

A Drink baie water.
B Vermy dit om in die son te sit.
C Drink alkohol om die tyd te laat verby gaan.
D Drink medikasie om deur die vlug te slaap.

1.1.6 Die gedrag van inkomende toeriste wat die waarskynlikheid verhoog om aan TB blootgestel te word:

A Kyk na 'n regstreekse buitelugprogram
B Die gebruik van oorvol openbare vervoer en verblyf
C Koop wegneemkos by 'n bekende kettingrestaurant
D Swem in 'n swembad met vuil water

1.1.7 Die valutasimbool wat vir die Euro gebruik word:

A ¥
B $
C €
D £

1.1.8 Die nasionale park wat deel is van die Kaapse blommeryk Beskermde Gebiede:

A Kruger Nasionale Park
B Kalahari Gemsbok Nasionale Park
C Richtersveld Nasionale Park
D Tafelberg Nasionale Park

1.1.9 Die Vredefortkoepel Wêrelderfenisgebied word beskryf as 'n:

A Vulkaniese krater
B Meteoriet-impakkrater
C Geologiese plooi
D Bergreeks

1.1.10 Die Wêrelderfenisterrein in Suid-Afrika wat bekend is vir sy besonderse voorbeelde van Khoikhoi-rotskuns:

A Maloti-Drakensberg Park
B Mapungubwe Kulturele Landskap
C Robben-eiland
D Fossiel Hominiedterreine van Suid Afrika

1.1.11 Robben-eiland is voorheen gebruik as 'n:

A Luukse oord vir bekende akteurs
B Natuurreservaat vir die uitgestorwe kwagga
C Tronk vir anti-apartheidsaktiviste
D Militêre basis vir die opleiding van troepe

1.1.12 Deursigtigheid, betroubaarheid en volhoubaarheid is deel van die 6 beginsels van hierdie sertifiseringsorganisasie.

A ITB
B WTM
C FTT
D WGO

1.1.13 Lande wat aan Suid-Afrika se landmarkte behoort:

A VSA, Kanada, Meksiko
B Nigerië, Egipte, Griekeland
C Zimbabwe, Lesotho, Mosambiek
D Switzerland, België, Groot Brittanje

1.1.14 Die praktyk om spyskaarte, brosjures en ander toeriste-inligting aan beide kante van die papier te druk, ondersteun die …-pilaar.

A sosiale
B kulturele
C historiese
D omgewings

1.1.15 … word bereik wanneer natuurlike en kulturele hulpbronne goed bestuur word om vir toekomstige geslagte te hou.

A Toerbeplanning
B Volhoubaarheid
C Stropery
D Inenting

1.1.16 Ekotoerisme is die beste voorbeeld van:



EKOTOERISME

**Ekotoerisme Aktiwiteite**

Wildkyk
Staptogte en Stafsafari
*Canopy Tours*
Kulturele ervarings
Voëlkyk
Boomplant

A Gesondheidstoerisme
B Verantwoordelike toerisme
C Massatoerisme
D Donkertoerisme

1.1.17 Ingesluit in 'n toerplan vir Suid-Afrikaanse universiteitstudente wat die meeste aan verblyf en kleinhandelinkopies spandeer wanneer hulle met vakansie is:

A Restaurante, kitskosbesighede en roomysstalletjies
B Winkelsentrums, ontwerperswinkels en markstalletjies
C Spa's, masseersalonne en haarsalonne
D Kruidenierswinkels, hardewarewinkels en tydskrifwinkels

1.1.18 Gevegte in die DRK is deels gedryf deur die begeerte na beheer in die mynboubedryf. Dit het 'n …




A negatiewe impak op die bestemmingsbeeld van Afrika.
B positiewe impak op landsburgers wat intern verplaas word.
C negatiewe impak op die waarde van die Amerikaanse dollar.
D positiewe impak op waterskaarste in die woestyn.

1.1.19 Die Cholera-uitbraak in Angola (2025), soos hieronder uitgebeeld, is 'n voorbeeld van:



Cholera uitbraak verantwoordelik vir meer as 100 mense se dood in Angola.

A 'n Wêreldwye resessie
B 'n Epidemie
C 'n Ongeluk
D 'n Ekonomiese skommeling

1.1.20 Die derde stap in die ontleding van kliënteterugvoer:

A Intervensieproses
B Bestudering en vaslegging van data
C Kategoriseer die klagtes
D Besluit op 'n aksieplan

(20 x 1) (20)

1.2 Gee EEN term/akroniem/afkorting vir ELK van die beskrywings deur ŉ term/akroniem/afkorting uit die lyshieronder te kies. Skryf slegs die term/akroniem/afkorting langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.6 ewenaar.

| WTM, TBRSA (*TBCSA*), ITB, TGRSA (*TGCSA*), Meetings Africa, TOMSA, Handelsmerk Suid-Afrika |
|---|

1.2.1 Die bedryfsvereniging en administrateur van die heffings wat van diensverskaffers ingevorder word

1.2.2 'n Reishandelskou wat elke jaar in Maart in Berlyn, Duitsland plaasvind

1.2.3 'n Inisiatief van die privaatsektor wat geskep is om bykomende fondse met 'n 1%-heffing in te samel vir die bemarking van Suid-Afrika

1.2.4 Die organisasie wat die slagspreuk "*Inspiring New Ways*" in 2012 bekendgestel het

1.2.5 Die raad wat die standaard van fasiliteite en dienste vir toeriste handhaaf

(5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 Cholera.

1.3.1 Die (vermenigvuldigingseffek/bruto binnelandse produk) is die bepaling van al die goedere en dienste wat deur 'n land geskep word, gewoonlik in 'n tydperk van een kalenderjaar.

1.3.2 ŉ Suid-Afrikaanse burger sal meer koopkrag hê wanneer ŉ land met ŉ (swakker/sterker) geldeenheid as die rand besoek word.

1.3.3 'n (Geskeduleerde/Algemene) toerplan het 'n rooster met vasgestelde vertrek- en aankomstye.

1.3.4 Reksprong is 'n aktiwiteit wat op (avontuur/ontspannings) -toeriste gemik is.

1.3.5 Terwyl hulle sonnige bestemmings besoek word, word toeriste altyd aangeraai om (hulle SPF-sonblok te dra/soveel tyd as moontlik buite deur te bring).


(5 x 1) (5)

1.4 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat die beste by die prent van 'n betalingsmetode in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in jou ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1  | A Die vorm van betaling wat nie vervang kan word wanneer dit verloor of gesteel word nie |
| 1.4.2 Swift | B Betaal die balans oor 'n spesifieke tydperk af in plaas daarvan om alles op een slag te betaal nadat jy tydens reise spandeer het |
| 1.4.3   | C Hierdie vorm van betaling behels valutabeheerregulasies en word tussen banke in verskillende lande gebruik |
| 1.4.4   | D Kan nie tussen rekeninge van verskillende lande of regoor nie grense gemaak word nie |
| 1.4.5  | E Laat 'n mens toe om in buitelandse valuta te betaal en om die wisselkoerse vooraf te ken |
| | F Tjeks wat aan 'n spesifieke persoon of maatskappy in 'n buitelandse valuta uitgemaak word |
| | G Betalings word vanaf jou aanlyn bankprofiel vanaf jou eie bankrekening gedoen |

(5 x 1) (5)

1.5 Bestudeer die prente in die blokkiesraaisel hieronder en die leidrade AF en DWARS wat volg. Voltooi die blokkiesraaisel met die naam van die ikoon vir VRAAG (1.5.1 tot 1.5.2) AF en die land waar die ikoon gevind word vir VRAAG (1.5.3 tot 1.5.5) DWARS. Skryf slegs die naam of land langs die vraagnommers neer, bv.1.5.6 Frankryk.




**AF** - Naam van die ikoon wat in die volgende land afgebeeld word:

1.5.1 Griekeland

1.5.2 Nederland

**DWARS** - Land van die volgende ikoon:

1.5.3 Die Switserse Alpe

1.5.4 Chichen Itza


1.5.5 Petra (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA**

**VRAAG 2**

2.1 Bestudeer die Wêreldtydsonekaart hieronder en die inligting op die volgende bladsy en beantwoord die vrae wat volg.



| KOMITEE BESOEK SUID-AFRIKA OM TE BEPAAL OF DIE OLIMPIESE SPELE HIER AANGEBIED KAN WORD |
|---|
| Suid-Afrika stel belang om die Olimpiese en Paralimpiese Spele in die toekoms aan te bied. Gesprekke is met die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) begin. Dr Thomas Bach, die uittredende president van die IOK, het Suid-Afrika in Oktober 2024 besoek vanaf Zürich, Switserland, om die land se vermoë om hierdie Olimpiese Spele aan te bied, te evalueer.<br><br>Zurich, Switserland (+1) het DBT toegepas vanaf 30 Maart 2024 – 26 Oktober 2024.<br><br>Suid-Afrika beveel aan dat internasionale besoekers inentings kry vir beskerming teen siektes soos hepatitis B. |

**[Aangepas uit *www.maroelamedia.co.za*]**

2.1.1 Dr Bach het op 29 September 2024 om 10:00 vanaf sy kantoor in Zürich, Switserland, 'n telefoonoproep na Suid-Afrika gemaak om sy reisplanne te finaliseer.

Bereken die tyd in Suid-Afrika toe hierdie telefoonoproep ontvang is.

**LET WEL**: Switzerland het DBT op hierdie datum toegepas. (4)

2.1.2 Verduidelik die begrip *aanbevole inenting.* (2)

2.1.3 Gee EEN manier waarop aanbevole inentings toeriste by 'n bestemming help. (2)

2.1.4 Switserse burgers wat na Suid-Afrika reis, benodig nie 'n visum nie.

Noem EEN reisdokument wat dr Bach vir sy besoek aan Suid-Afrika nodig gehad het. (2)

2.1.5 Dr Bach het met 'n 100 ml bottel parfuum, 'n skootrekenaar en sy tennisraket as deel van sy bagasie gereis.

(a) Noem die korrekte kanaal waardeur Dr Bach moes gaan toe hy by OR Tambo Internasionale lughawe aangekom het. (1)

(b) Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 2.1.5 (a). (2)

(c) Identifiseer EEN item wat die belastingvrye toelae oorskry het, wat Dr Bach as deel van sy bagasie gehad het. (1)

(d) Verduidelik die begrip *belastingvrye toelae* (2)

2.1.6 Beskryf TWEE veiligheidsmaatreels wat Dr Bach moet volg wanneer hy by die lughawe in Suid-Afrika aankom. (4)

2.1.7 Dr Bach het op 1 November 2024 om 21:00 uit Suid-Afrika vertrek. Die vlugtyd van Suid-Afrika terug na Switserland was 10 ure.

Bereken die aankomstyd en datum van aankoms in Zürich, Switserland toe sy vlug geland het. (5)

2.2 Lees die onderstaande reisplan en beantwoord die vrae wat volg.

**3-DAG TOER VAN SUID-AFRIKA**

'n Groep sportaanhangers het besluit om Suid-Afrika vir 'n 3-dag toer te besoek om 'n rugbywedstryd te kyk, die land se bekende landmerke te verken, en die plaaslike kultuur te ervaar.

**Dag 1: Aankoms in Johannesburg**
Land op OR Tambo Internasionale Lughawe en rit na die hotel (R1 200 pppn). In die middag, neem ’n begeleide toer deur Soweto en besoek aan die Nelson Mandelahuis en die Apartheidmuseum (R600). Geniet ’n verwelkomingsete by ’n plaaslike restaurant (R250).

**Dag 2: Rugbywedstryd/Kaapstad & oordrag na Kaapstad**
Verken Johannesburg die oggend voor hulle na Ellispark-stadion vertrek om ’n regstreekse rugbywedstryd by te woon (R500). Vlieg in die aand na Kaapstad (R1 800) en boek in by die hotel (R1 500 pppn).

**Dag 3: Hoogtepunte van Kaapstad**
Besoek Tafelberg in die oggend en geniet die kabelkarrit vir panoramiese uitsigte (R395). Geniet daarna middagete, en neem ’n begeleide toer na Kaappunt en die Kaap van Goeie Hoop (R900). Keer laatmiddag terug na Kaapstad en vlieg terug na hulle eie land.

2.2.1 Noem DRIE aspekte wat ingesluit moet word wanneer ’n reisplan saamgestel word. (3)

2.2.2 Verduidelik wat 'n *toerbegroting* is. (2)

2.2.3 Bereken die totale koste vir dag 2 en 3 van die toer waarvoor ’n sportaanhanger moet begroot om Suid-Afrika te besoek.

Teken die tabel hieronder vir dag 2 en 3 in die ANTWOORDBOEK en gebruik die tabel om die vraag te beantwoord.

Wys ALLE berekeninge.

| | Voorbeeld: Dag 1 | Dag 2 | Dag 3 |
|---|---|---|---|
| Berekeninge | R1 200 + R600 + R250 | | |
| Totaal | R2 050 | | |
| Totale Toerbedrag | | | |

(6)

**VRAAG 3**

3.1 Bestudeer die inligting en die wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

- Wys ALLE berekeninge.
- Rond jou antwoorde af tot TWEE desimale plekke.

| COMRADES-MARATHON |
|---|
| Sarah Roberts, ’n Amerikaanse burger, het aan die 2025 Comrades-marathon deelgeneem wat op 8 Junie 2025 plaasgevind het. Sy het vir twee jaar geld gespaar. Sy het $4 000 vir haar verblyf in Suid-Afrika gespaar. Sy het haar geldeenheid by OR Tambo Internasionale Lughawe verruil. |

| **Geldeenheidskode (en geldeenheidsimbool)** | **BAK** | **BVK** |
|---|---|---|
| VSD ($) | 18,1765 | 18,5415 |

3.1.1 Skryf die geldeenheidskode VSD volledig uit. (2)

3.1.2 Bereken die bedrag in rand wat Sarah ontvang het toe sy haar geldeenheid verruil het. (3)

3.1.3 Na die marathon, het Sarah R22 000 oorgehad toe sy op die punt was om Suid-Afrika te verlaat.

Bereken die bedrag in dollar wat Sarah ontvang het toe sy haar rande verruil het by OR Tambo Internasionale Lughawe. (3)

3.2 Evalueer, in ’n paragraaf, DRIE gevolge wat ’n swak rand inhou vir inkomende toeriste wat Suid-Afrika besoek. (6)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

**AFDELING C: TOERISTE-AANTREKLIKHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING**


**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die ikone hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE GEESTELIKE IKONE**



**A**



**B**



**C**

**[Bron: *www.dynamic-media.tacdn.com*]**

4.1.1 Benoem ikone **A**, **B** en **C**.

Skryf slegs die naam van die ikoon langs die letter (A – C) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. D Klaagmuur. (3)

4.1.2 Gee die kulturele betekenis van ikoon **A**. (2)

4.1.3 Beskryf die hoofaktiwiteit wat godsdienstige toeriste by ikoon **B** kan ervaar. (2)


4.1.4 Beskryf die argitektoniese (ontwerp-) kenmerke wat van ikoon **C** ’n uitstaande toeriste-aantreklikheid maak. (2)

4.1.5 Verduidelik EEN positiewe impak van ikoon **B** op Saoedi-Arabië se ekonomie. (2)

4.1.6 Gee EEN gemeenskaplike eienskap wat ikone **A**, **B** en **C** as toeriste-aantreklikhede deel. (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE TAJ MAHAL**



**[Bron: *www.tajmahaltourguide.com*]**

4.2.1 Benoem die land en die kontinent waar die Taj Mahal geleë is. (2)

4.2.2 In 'n paragraaf, beskryf hoekom die Taj Mahal 'n ikoon is deur die volgende in te sluit:

- EEN manier waarop dit kultureel betekenisvol is vir die plaaslike volk
- EEN argitektoniese (ontwerp-) kenmerk (4)

4.3 Bestudeer die prent en die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BASISKAMP-SKOONMAAK**



Ten spyte van al die probleme op die berg, staan Mount Everest steeds alleen. Daar sal altyd mense wees wat die wêreld se hoogste punt wil klim, want om op Mount Everest te wees gaan oor meer as net skares en hope gemors. Die berg is so hoog en uniek dat dit elke bergklimmer op ’n stadium uitdaag om sy of haar beste self te wees.

**[Aangepas uit *www.education.nationalgeographic.org*]**

4.3.1 Gee die naam van die volgende waar Mount Everest geleë is:

(a) Land (1)

(b) Kontinent (1)

4.3.2 Gee EEN rede waarom Mount Everest as ’n ikoon beskou kan word. (2)


4.3.3 Bespreek EEN maatstaf wat toegepas kan word om volhoubare toerismepraktyke by die Mount Everest-basiskamp te bevorder. (2)

**[25]**


## VRAAG 5

5.1 Bestudeer die onderstaande prente en beantwoord die vrae wat volg.

**DRIE VAN SUID-AFRIKA SE WÊRELDERFENISTERREINE**




**A**



**B**




**C**

**[Bron: *www.whc.unesco.org*]**

5.1.1 Gee die volle name van die Wêrelderfenisterreine gemerk **A**, **B** en **C.** (3)

5.1.2 Noem die tipe Wêrelderfenisterrein by prent **C**. (1)

5.1.3 Verduidelik EEN rede waarom terrein **A** as 'n Wêrelderfenisterrein beskou word. (2)

5.1.4 Gee die naam van EEN ander Wêrelderfenisterrein wat gedeeltelik in dieselfde provinsie as terrein **B** gevind word. (1)

5.2 Bestudeer die onderstaande prente en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE ONTSTAAN VAN MODERNE MENSLIKE GEDRAG: DIE PLEISTOSEEN-BESETTINGSTERREINE VAN SUID-AFRIKA**







Hierdie terreine, wat verlede jaar verklaar is, bied die mees uiteenlopendste en bes bewaarde rekord van die ontwikkeling van moderne menslike gedrag wat tot dusver bekend is, en dateer so ver terug as 162 000 jaar. Voorbeelde van simboliese denke en gevorderde tegnologieë word gevind in bewyse van okerverwerking (verskeidenheid kleikleure), gemerkte patrone, dekoratiewe krale, versierde eierskale, gevorderde wapens en metodes vir werktuigskepping, asook mikroliete (klein gereedskap).

**[Aangepas uit *www.whc.unesco.org*]**

5.2.1 Noem die jaar van inskrywing vir hierdie nuwe Wêrelderfenisterrein. (1)

5.2.2 Noem die TWEE provinsies waar hierdie Pleistoseen-Besettingsterreine van Suid-Afrika geleë is. (2)

5.2.3 Pinnacle Point en die Sibhudu-grotte is twee van die drie terreine van die Wêrelderfenisterrein in die bostaande prente.

(a) Gee die volledige naam van die derde terrein. (1)

(b) Beskryf EEN gedeelde kenmerk van al drie die terreine. (2)

**[13]**

## VRAAG 6

Bestudeer die logo’s en die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BEMARKING VAN 'N LAND SOOS SUID-AFRIKA**

Suid-Afrika is een van die gewildste lande vir toeriste op die Afrika-kontinent. In 2020 was Suid-Afrika ’n bestemming met byna 3.8 miljoen internasionale toeriste, wat die land met die meeste besoeke in Afrika vir daardie jaar gemaak het. Miljoene toeriste besoek Suid-Afrika jaarliks om sy strande, landskappe en wild te sien. Vanaf 2024 het die land die tweede grootste aantal UNESCO Wêrelderfenisterreine op die Afrika-kontinent. Soos verwag, het die meerderheid toeriste wat Suid-Afrika besoek het, die land as ’n vakansiebestemming beskou.

**[Bron: www.statista.com]**

6.1 Bespreek EEN belangrike rede vir die bemarking van Suid-Afrika as 'n voorkeurbestemming. (2)

6.2 Beskryf die hoofdoel van internasionale reishandelskoue soos dié in die logo's. (2)

6.3 Noem EEN funksie van die organisasie TOMSA. (2)

6.4 Die kernbesigheid van SA Toerisme: Bemark Suid-Afrika internasionaal as 'n voorkeurbestemming.

Uit die logo's en die inligting hierbo, haal 'n relevante sin of feit vir hierdie kernbesigheid aan. (2)

6.5 Bespreek TWEE ooreenkomste van Afrika se Travel Indaba en Meetings Africa. (4)

**[12]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

**AFDELING D: TOERISME SEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME**

**VRAAG 7**

Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

SIX SENSES






**'N VOLHOUBARE LUUKSE OORDHOTEL IN FIJI**

Six Senses Fiji, geleë op die tropiese Malolo-eiland van Fiji, is 'n vyfster-oordhotel met volhoubare luukse en kulturele bewustheid as die kern (hooffokus). Die hotel werk op 100% sonkrag, toegerus met reënwateropvangtoestelle en sy eie waterfiltreerfasiliteite om die gebruik van enkelgebruikplastiekbottels te stop. Die hotel poog om so min as moontlik afval te produseer. Hulle moedig die beginsels van hergebruik aan terwyl hulle ook herwinning beoefen. Die oord maak kompos met 'n "wurm-gebaseerde septiese (toilet) stelsel" en kweek soveel as moontlik hul eie kruie en groente.

Alle handewerk en kunswerke by die oordhotel word deur die plaaslike gemeenskap vervaardig. Die hotel ondersteun die *Rise Beyond the Reef Charity* wat daarop gemik is om "die gaping tussen afgeleë (ver weg van ander) gemeenskappe, die regering en die private sektor in die Suid-Stille Oseaan-streek te oorbrug, om 'n beter volhoubare wêreld vir vroue en kinders te skep."

**[Aangepas uit *www.sixsense.com*]**

7.1 Water is besig om 'n skaars hulpbron te word.

Verduidelik DRIE maniere hoe 'n hotel waterverbruik kan verminder. (6)

7.2 Lys die DRIE volhoubare praktyke (drie R'e) wat tydens die afvalbestuursproses gebruik word. (3)

7.3 Bespreek hoe die luukse oordhotel in Fiji die drie-dubbele-slotreëlbenadering volg.

Die antwoord moet die drie pilare van volhoubare toerisme met voorbeelde uit die gevallestudie insluit. (6)

**[15]**

**VRAAG 8**

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**VERANTWOORDELIKE REIS: JOU GIDS TOT ETIESE AVONTURE**

In 'n wêreld wat die begeerte om te reis en te verken toenemend waardeer, is verantwoordelike reis 'n baken van hoop vir meer volhoubare, eties-bewuste maniere om die wêreld te sien.




**Verantwoordelike Vakansiebestemmings**
'n Groeiende aantal bestemmings regoor die wêreld is verbind tot etiese, volhoubare en omgewingsvriendelike toerisme.

Hier is 'n lys van bestemmings wat bekend is vir hul pogings tot verantwoordelike toerisme:

Noorweë: Noorweë se groen toerismebenadering en omgewingsvolhoubaarheids-inisiatiewe maak dit 'n aantreklike bestemming vir verantwoordelike toeriste.

Rwanda: Met 'n verbintenis tot Gorilla-bewaring en volhoubare toerisme, bied Rwanda vir reisigers unieke en etiese natuurlewe-ervarings.

Switserland: Switserland bevorder groen toerisme en beklemtoon ekovriendelike vervoeropsies, wat dit 'n verantwoordelike toerismebestemming maak.

**[Aangepas uit *www.bolt.eu*]**

8.1 Kies 'n konsep uit die bostaande inligting soortgelyk aan die betekenis van *verantwoordelike toerisme.* (1)

8.2 Verduidelik die konsep van *verantwoordelike toerisme* deur ook te verwys na die woorde wat op die inligtingsbord in die prent geskryf is. (2)

8.3 Stel 'n driepunt-toeriste-gedragskode saam wanneer jy na enige EEN van die verantwoordelike toerismebestemmings gelys reis.

Sluit die keuse van bestemming by die antwoord in. (4)

8.4 Noem enige TWEE ekovriendelike vervoeropsies wat by verantwoordelike toerismebestemmings beskikbaar kan wees. (2)

8.5 Gee DRIE voorbeelde van hoe 'n toeris verantwoordelike toerisme kan ondersteun. (6)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: BINNELANDSE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTESORG

### VRAAG 9

9.1 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**BRAZILIË BIED DIE COP30 KLIMAATSVERANDERINGBERAAD AAN IN DIE AMASONE IN 2025**

Die Verenigde Nasies het Brasilië gekies om die internasionale klimaatsvergadering, COP30, in die Amasone-stad Belém in 2025 aan te bied, volgens die land se president.

**[Aangepas uit *www.cnn.com*]**

9.1.1 Gee die naam vir die akroniem COP30. (2)

9.1.2 Verduidelik die term *beraad*. (2)

9.1.3 Bespreek TWEE positiewe ekonomiese impakte van die beraad op die gasheerland. (4)

9.1.4 Gee TWEE negatiewe impakte vir Brasilië as die gasheerland van die beraad. (4)

9.2 Noem DRIE ander globale gebeurtenisse van internasionale belang. (3)

9.3 Bestudeer die onderstaande tabel van aankomsstastistiek en beantwoord die vrae wat volg.

| VERGELYKING VAN MAART 2024 AANKOMSSTATISTIEKE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **SA se Top 10 bronmarkte** | **Aankoms in Maart 2019** | **Aankoms in Maart 2023** | **Aankoms in Maart 2024** | **% van Maart 2023** | **% van Maart 2019** |
| Verenigde Koninkryk | 44 772 | 36 811 | 41 896 | 113.7% | 93.5% |
| Verenigde State | 35 125 | 30 196 | 35 302 | 116,9% | 100,5% |
| Duitsland | 33 940 | 28 382 | 35 714 | 125,8% | 105,2% |
| Nederland | 10 364 | 9 247 | 9 591 | 103,7% | 92,5% |
| Frankryk | 17 451 | 10 862 | 11 915 | 109,6% | 68,2% |
| Australië | 9 320 | 8 150 | 7 953 | 97,5% | 85,3% |
| Indië | 7 046 | 5 302 | 5 203 | 98,1% | 73,8% |
| Kanada | 7 148 | 5 608 | 6 217 | 110,8% | 86,9% |
| Italië | 4 305 | 2 900 | 3 609 | 124,4% | 83,8% |
| België | 4 689 | 3 485 | 4 812 | 138,0% | 102,6% |

**[Aangepas uit *www.tourismupdate.co.za*]**

9.3.1 Identifiseer die land met die volgende toeriste-aankomste na Suid-Afrika:

(a) Die hoogste in 2024 (1)

(b) Die laagste in 2024 (1)

9.3.2 Noem die tipe mark wat gevind word in die lande in VRAAG 9.3.1. (2)

9.3.3 Identifiseer TWEE lande wat jaarliks in getalle bly daal het tussen 2019, 2023 en 2024. (4)

9.3.4 Stel EEN rede vir die afname in aankomsgetalle van die lande in die antwoord op VRAAG 9.3.3 voor. (2)
**[25]**

**VRAAG 10**

Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg.

**KLIËNTETERUGVOER**



**[Bron: *www.shutterstock.com*]**

10.1 Verduidelik waarom 'n toerismebesigheid terugvoer van kliënte benodig. (2)

10.2 Gee DRIE maniere waarop 'n toerismebesigheid klantetevredenheid kan verbeter nadat negatiewe terugvoer ontvang is. (3)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2025

# NASIENRIGLYNE

| TOERISME (10870) |
|---|

**15 bladsye**

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

**AFDELING A**

**VRAAG 1**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C ✓/Om die toerisme industrie te bevorder. | MTP | |
| | 1.1.2 | B ✓/00:00 | MTP | |
| | 1.1.3 | A ✓/Vlugvoosheid | MTP | |
| | 1.1.4 | D ✓/Cholera | MTP | |
| | 1.1.5 | A ✓/Drink baie water. | MTP | |
| | 1.1.6 | B ✓/Die gebruik van oorvol openbare vervoer en verblyf. | MTP | |
| | 1.1.7 | C ✓/€ | FX | |
| | 1.1.8 | D ✓/Tafelberg Nasionale Park | CH | |
| | 1.1.9 | B ✓/'n meteoriet-impakkrater | CH | |
| | 1.1.10 | A ✓/Maloti-Drakensbergpark | CH | |
| | 1.1.11 | C ✓/tronk vir anti-apartheidsaktiviste.<br>• D/Militêre basis vir die opleiding van troepe | CH | |
| | 1.1.12 | C ✓/FTT | SR | |
| | 1.1.13 | C ✓/Zimbabwe, Lesotho, Mosambiek | DRI | |
| | 1.1.14 | D ✓/omgewings | SR | |
| | 1.1.15 | B ✓/Volhoubaarheid | SR | |
| | 1.1.16 | B ✓/verantwoordelike toerisme. | SR | |
| | 1.1.17 | B ✓/Winkelsentrums, ontwerperswinkels en markstalletjies | MTP | |
| | 1.1.18 | A ✓/negatiewe impak op die bestemmingsbeeld van Afrika. | DRI | |
| | 1.1.19 | B ✓/'n epidemie | DRI | |
| | 1.1.20 | D ✓/Besluit op 'n aksieplan | KK | (20) |
| 1.2 | 1.2.1 | TBRSA/(TBCSA) ✓ | M | |
| | 1.2.2 | ITB ✓ | M | |
| | 1.2.3 | TOMSA ✓ | M | |
| | 1.2.4 | Handelsmerk Suid-Afrika ✓ | M | |
| | 1.2.5 | TGRSA (TGCSA) ✓ | M | (5) |
| 1.3 | 1.3.1 | bruto binnelandse produk ✓ | FX | |
| | 1.3.2 | swakker ✓ | FX | |
| | 1.3.3 | Geskeduleer ✓ | MTP | |
| | 1.3.4 | avontuur ✓ | TA | |
| | 1.3.5 | hulle SPF-sonblok te dra ✓ | MTP | (5) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.4 | 1.4.1 | G ✓ | **DRI** | |
| | 1.4.2 | C ✓ | **DRI** | |
| | 1.4.3 | E ✓ | **DRI** | |
| | 1.4.4 | B ✓ | **DRI** | |
| | 1.4.5 | A ✓ | **DRI** | (5) |
| 1.5 | 1.5.1 | Parthenon ✓ | TA | |
| | 1.5.2 | Windmeule ✓ | TA | |
| | 1.5.3 | Switserland ✓ | TA | |
| | 1.5.4 | Meksiko ✓ | TA | |
| | 1.5.5 | Jordanië ✓ | TA | (5) |


**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 **<u>Visuele metode: eers geteken en dan uitgeskryf</u>** MTP

Zürich, Switserland +1 (+1 DST) ✓+2 Suid-Afrika +2




10:00 +✓ 0 uur ✓(tydsverskil) = 10:00 ✓

**OF**

Tyd in SA toe oproep ontvang is: 10:00✓✓✓✓ (4)

2.1.2 **<u>Aanbevole inenting:</u>** MTP

Aanbevole inentings is slegs 'n voorsorgmaatreël om die gesondheid van individuele toeriste te verseker en is opsioneel. ✓✓

(**LET WEL**: keuse kan op verskeie maniere uitgedruk word)

- Aanbevole inentings is nie 'n maatstaf vir hoërisiko-siektes nie. (2)

2.1.3 Beskerm toeriste teen die opdoen van siektes wat in sekere streke voorkom ✓✓ MTP

- Die versekering van die gesondheid van toeriste
- Vermindering van die risiko van oordrag na plaaslike bevolkings.
- Help om veilige reise te bevorder
- Handhaaf openbare gesondheidstandaarde in beide die toeris se tuisland en die bestemming. (2)

2.1.4 Geldige paspoort✓✓ MTP

- Paspoort (2)

2.1.5 (a) rooi kanaal✓ MTP (1)

(b) Dr. Bach het meer parfuum gehad as wat toegelaat word ✓✓ MTP

- Slegs 50 ml parfuum was toegelaat.
- Dr. Bach het goedere gehad wat die belastingvrye toelaag oorskry het.
- Om 'n skootrekenaar te verklaar
- Om sporttoerusting te verklaar
- Dr. Bach het items wat verklaar moet word (2)

(c) 100 ml parfuum✓ MTP (1)

(d) Items waarmee 'n toeris die land mag binnekom, mits die hoeveelheid of aantal van die items binne die toegelate perke is, dan word geen geld (belasting) op hierdie items betaal nie. ✓✓ MTP

- Sekere verbruikersgoedere vir persoonlike gebruik binne die toegelate hoeveelhede, sal geen ekstra fooie (belasting) op hulle betaal word nie, tensy dit die aantal of hoeveelheid wat as gratis gespesifiseer word, oorskry.
- Nuwe of gebruikte goedere, uitgesluit sekere verbruiksgoedere, wat reisigers van internasionale lande geregtig is om in te voer, tot 'n waarde van R5 000 per persoon sonder om enige reg of belasting daarop te betaal. (2)


2.1.6 Hy moet nie groot bedrae kontant saamdra nie. ✓✓ MTP
Hy moet nie duur fone, kameras, juweliersware en ander waardevolle items vertoon nie. ✓✓

- Hy moet waardevolle persoonlike items veilig wegbêre.
- Hy moet nooit sy bagasie uit sy sig laat nie.
- Hy moet sy beursie in 'n binnesak dra en nie in 'n agtersak nie.
- Hy moet in 'n groep rond beweeg.
- Hy moet sy geldeenheid by 'n betroubare buitelandse-kleinhandelaar omruil.
- Hy moet nie met vreemdelinge praat nie.
- Hy moet versigtig wees vir ongemagtigde hulp.
- Hy moet seker maak van sy vervoer – en slegs van geregistreerde taximaatskappye gebruik maak.

**LET WEL:** *Enige ander aanvaarbare veiligheidsvereistes met betrekking tot veiligheid by die lughawe in SA.* (4)

2.1.7 **<u>Visuele metode: eers geteken en dan uitgeskryf</u>** MTP

Zürich, Switserland +1 Suid-Afrika +2
(Geen DST op 1 November)




21:00 – ✓1 uur ✓= 20:00
20:00 (+ ✓) 10 uur vliegtyd =
06:00 ✓ 2 November 2024✓

**OF**

06:00 ✓✓✓✓ 2 November 2024✓ (5)

2.2 2.2.1 Vervoer ✓ MTP
Verblyf ✓
Besienswaardighede (natuurlik en mensgemaak)✓

- Aktiwiteite (by natuurlike en mensgemaakte besienswaardighede)
- Maaltye en verversings.
- Tye of tydraamwerke (3)

2.2.2 'n Toerbegroting is 'n finansiële plan wat die beraamde koste en uitgawes vir 'n reis of toer uiteensit. ✓✓ MTP

- Dit sluit al die noodsaaklike komponente van die reiservaring in, wat reisigers in staat stel om hul finansies effektief te bestuur en meeste onverwagte kostes te vermy. (2)

2.2.3 MTP

| | Voorbeeld: Dag 1 | Dag 2 | Dag 3 |
|---|---|---|---|
| Berekeninge | Akk: R1 200.00 + Akt: R600.00 + Kos: R250.00 | Akk: R1 500 + Verv: R1 800 + Akt: R500✓ | Akt: R395 + Akt: 900✓ |
| Totaal | R2 050.00 | R3 800.00 ✓ | R1 295.00 ✓ |
| Totale Toer | | R5 095.00✓✓ | |

(6)
**[36]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 Amerikaanse Dollar ✓✓ FX (2)

3.1.2 VSD 4 000 x ✓ 18,1 765 ✓ FX
= ZAR 72 706,00 ✓

**OF**

ZAR 72 706,00 ✓✓✓

**LET WEL:** Moenie die leerders penaliseer as die geldeenheidskode of -simbool nie aangedui word nie omdat die geldeenheid in die vraag genoem word. (3)

3.1.3 ZAR 22 000 ÷ ✓18,5415 ✓ FX
= 1186,527519348489
= VSD 1 186,53 ✓

**OF**

VSD 1186,53 ✓✓✓

**LET WEL:** Moenie die leerders penaliseer as die geldeenheidskode of -simbool nie aangedui word nie omdat die geldeenheid in die vraag genoem word. (3)

3.2 Meer internasionale toeriste besoek Suid-Afrika, aangesien Suid-Afrika as 'n waarde-vir-geld-bestemming gesien sal word. ✓✓ FX
Toeriste sal Suid-Afrika as 'n bekostigbare bestemming sien. ✓✓
Toeriste sal meer goedere en dienste kan koop (groter koopkrag). ✓✓

- Toeriste sal langer kan bly omdat hulle meer geld sal hê om te spandeer.
- Toeriste sal meer rand vir hulle geldeenheid ontvang. (6)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

**AFDELING C: TOERISME-AANTREKLIKHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING**

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 A-Berg Fuji ✓ TA
B-Mecca ✓
- Die Kaaba

C-Die Blou Moskee ✓ (3)

4.1.2 Berg Fuji is heilig vir die Japanese volk. ✓✓ TA
- Dit word gesien as die bron van artistieke inspirasie.
- Dit word al eeue lank gebruik vir pelgrimstogte deur die Japannese volk.
- 25 gebiede binne die Berg Fuji area word as kulturele belang erken deur UNESCO.
- Dit is deur UNESCO as 'n kulturele terrein verklaar.
- Dit is ’n simbool van Japan. (2)

4.1.3 Mekka (Die Hajj) is 'n jaarlikse pelgrimstog van Moslems wat plaasvind gedurende die twaalfde maand van die Islamitiese maankalender. ✓✓ TA
- Moslems sirkel die Kaäba sewe keer antikloksgewys.
- Sewe keer tussen die heuwels van Safaa en Marwa loop
- Om die simboliese steniging van die duiwel uit te voer deur klippe na drie groot pilare te gooi
- Pelgrims staan saam, beoefen toewyding en soek vergifnis van Allah. (2)

4.1.4 Teëls wat die mure van die binnekant bedek, is hoofsaaklik blou. ✓✓ TA
- Baie koepels en halfkoepels bo die gebedsaal.
- Ses hoë minarette is ikoniese kenmerke wat die Istanbul horison oorheers.
- Die twee aftree-kamers met balkon vir die sultan om te rus by die L-vormige verhoogde platform binne in die gebedsaal waar die sultan kon bid, is 'n innovasie wat vir die eerste keer in by hierdie moskee in Ottomaanse argitektuur voorkom.
- Die moskee het ook 260 vensters wat natuurlike lig inlaat.
- Daar is kalligrafiese inskripsies en muurskilderye met blommotiewe op die mure (2)

4.1.5 Toename in akkommodasiebesprekings – hotelle, koshuise en ander verblyfgeriewe voorsien in die behoeftes van miljoene pelgrims. ✓✓ TA
- Toename in verkope in die voedsel- en drankbedryf – restaurante, kafees en kosstalletjies bedien ’n wye verskeidenheid disse.
- Toename in die gebruik van openbare vervoer – lugrederye, busse en taxi’s vervoer pelgrims na en van Mekka.
- Toename in die verkoop van aandenkings en inkopies – pelgrims koop aandenkings, geskenke en Islamitiese literatuur.
- Die vermenigvuldigingseffek word aan die gang gesit. (2)

- Die toerismebedryf in ander stede en gebiede in die streek baat ook tydens die Hajj en voor- of na-Hajj toere.
- Meer werksgeleenthede gedurende die Hajj

**LET WEL:** *Aanvaar enige verduideliking met betrekking tot die positiewe impak van ikoon B op Saoedi-Arabië se ekonomie.*

4.1.6 Al drie ikone is godsdienstige simbole. ✓✓ TA

- Het betekenis vir spesifieke godsdienste.
- Die gelowiges besoek hierdie heilige en gewyde plekke.
- Daar is ʼn ooreenkoms tussen tradisies, waardes en geloofsidentiteit van die plaaslike kulture. (2)

4.2 4.2.1 Land: Indië ✓ TA
Kontinent: Asië ✓

**LET WEL:** aanvaar sonder etikettering en aanvaar enige volgorde (2)

4.2.2 **Kultureel belangrik vir die Indiese volk** TA
Die Taj Mahal is ʼn simbool van ewige liefde en verteenwoordig die diep band tussen Shah Jahan en sy vrou, Mumtaz Mahal. ✓✓

- Dit is ʼn ikoniese voorbeeld van Mughal-argitektuur en kombineer Indiese, Persiese en Islamitiese style.
- Die Taj Mahal het ʼn onmiddellik herkenbare simbool van Indië geword en verteenwoordig die land se ryk kulturele diversiteit en artistieke erfenis.
- Dit verteenwoordig die goue era van Mughal-heerskappy in Indië

**Argitektoniese (ontwerp) kenmerke**
Die Taj Mahal is ʼn mausoleum – ʼn gebou wat as monument opgerig is en die grafkamer van ʼn oorlede persoon omsluit. ✓✓

- Die Taj Mahal is gebou vir die vrou van keiser Shah Jahan, wat tydens die geboorte van een van hul kinders gesterf het.
- Dit is ʼn manjifieke struktuur wat tussen 1631 en 1648 opgerig is.
- Dit is gemaak van wit marmer, met halfedelstene en blomontwerpe
- Dit het vier klein minarette wat die struktuur omring, en dit word deur ʼn groot koepel bedek.
- Die gebou bevat ʼn graf, moskee en ʼn maanskyn-tuin. (4)

4.3 4.3.1 (a) Nepal ✓ TA

- China
- Tibet (1)

(b) Asië ✓ TA (1)

4.3.2 Berg Everest is die hoogste punt op die aarde se oppervlak ✓✓ TA

- Dit is 'n ikoon in die wêreld van bergklim.
- Relatief min mense het daarin geslaag om die kruin te bereik en dit is 'n noemenswaardige prestasie, waar baie mense gesterf het terwyl hulle probeer het. (2)

- Berg is 60 miljoen jaar oud.

4.3.3 Beperk enkelgebruikplastiek. ✓✓ TA
- Kies vir herbruikbare waterbottels en hervulbare houers.
- Gooi afval weg by aangewese insamelpunte.
- Neem korter storte.
- Gebruik bio-afbreekbare seep en eko-vriendelike produkte.
- Ondersteun omgewingsvriendelike lodges wat reënwater opvang en waterdoeltreffende toilette gebruik.
- Maak gebruik van sonpanele.
- Bly op aangewese roetes.
- Neem deel aan opruim-staptogte en inisiatiewe om die streek se skoonheid en volhoubaarheid te help behou.
- Deposito's vir die verwydering van die skuiling met terugkeer.
- Gebruik hommeltuie om vullis van die berg af te versamel, verwyder en vanaf die berg af te bring.
- Voer bewusmakingsveldtogte uit.
- Gebruik herwinningsdromme. (2)

**[25]**

**VRAAG 5**

5.1 5.1.1 A- Vredefort Koepel ✓ CH
B – Robbeneiland ✓
C - Isimangaliso-vleilandpark ✓
- iSimangaliso vleilandpark-Maputo Nasionale Park (3)

5.1.2 Natuurlik ✓ CH (1)

5.1.3 **Vredefort-koepel** CH
Dit is die grootste meteorietkrater op aarde ✓✓
- Dit is ’n merkwaardig goedbewaarde astrobleem wat waardevolle insigte bied in die aarde se geologiese geskiedenis.
- Episentrum van 'n meteoorimpakplek (2)

5.1.4 Kaapse blommereik beskermende gebied. ✓✓ CH
- Die Ontstaan van Moderne Menslike Gedrag: Die Pleistoseen-besettingsterreine van Suid-Afrika. (1)

5.2 5.2.1 2024 ✓ CH (1)

5.2.2 Wes-Kaap ✓ CH
- WK

KwaZulu-Natal ✓
- KZN (2)

5.2.3 (a) Diepkloof-rotskuiling ✓ CH (1)

(b) Hulle toon die ontstaan van moderne menslike gedrag ✓✓ CH
- Hulle bied insigte in vroeë menslike bewoning en gereedskapgebruik.
- Hulle wys die streek se ryk kulturele erfenis. (2)

- Al drie terreine is onderontwikkel as deel van 'n Wêrelderfenisterrein, wat eers in 2024 verklaar is.
- Al drie is grotte.

**[13]**

**VRAAG 6**

6.1 Toename in internasionale bewustheid van Suid-Afrika as 'n reisbestemming ✓✓ M
- Toename in jaarlikse volume van buitelandse aankomste na Suid-Afrika
- Meer buitelandse valuta word in die land bestee.
- Meer werksgeleenthede/Werkskepping
- Dra by tot die BBP
- Die Rand sal sterker word teenoor ander geldeenhede.

**LET WEL:** *Aanvaar enige EEN verduideliking waarom dit belangrik is om Suid-Afrika internasionaal te bemark.* (2)

6.2 Bring reisbedryfprofessionals, toeroperateurs, reisagente en verskaffers bymekaar om besigheid-tot-besigheid interaksies te fasiliteer. ✓✓ M
- Verskaf 'n platform vir netwerkbou, vennootskappe en samewerking tussen belanghebbendes in die bedryf.
- Beklemtoon verskeie bestemmings, toerismeprodukte en dienste om potensiële kopers en vennote te lok.
- Begin nuwe toerismeprodukte, -dienste en -bemarkingsveldtogte om belangstelling te wek en verkope te bevorder.
- Bevorder verhoudings tussen kopers, verkopers en bedryfsvennote om besighede te laat groei en te laat uitbrei.
- Fasiliteer sakegeleenthede vir toerisme-ondernemings. (2)

6.3 TOMSA ontvang die 1% toerismeheffing wat deur deelnemende toerismebesighede ingesamel word. ✓✓ M
- TOMSA betaal 'n vaste persentasie van die heffings wat ingevorder word aan SAToerisme vir bemarkingsdoeleindes.
- TOMSA plaas 'n persentasie van die heffings opsy as 'n samewerkingsfonds vir inisiatiewe wat deur heffingbydraers gedryf word. (2)

6.4 "In 2020 was Suid-Afrika 'n bestemming met bykans 3,8 miljoen internasionale toeriste." ✓✓ M
- In 2020 was Suid-Afrika die mees besoekte bestemming in Afrika.
- "Suid-Afrika is een van die gewildste lande vir toeriste op die Afrika-kontinent."
- "Miljoene toeriste besoek Suid-Afrika jaarliks om sy strande, landskappe en wildlewe te sien."
- "Soos verwag, het die meerderheid toeriste wat in Suid-Afrika aankom die land as 'n vakansiebestemming beskou."
- "Om ŉ land soos Suid-Afrika te bemark" (2)

6.5 Albei platforms het ten doel om toerisme te bevorder ✓✓ M
Albei platforms bevat verskeie reisbestemmings en beklemtoon hul unieke besienswaardighede, kulture en ervarings. ✓✓
- Albei platforms bied reisverwante inhoud aan produkte en dienste. (4)

- Albei platforms gebruik visuele vertelling om bestemmings ten toon te stel met hoëgehalte beelde, video's en virtuele toere.
- Albei platforms spreek reisentoesiaste aan, hetsy hulle bedryfsprofessionals, reisagente of individuele reisigers is.
- Albei bevorder Afrika-produkte en -dienste.
- Albei is in besit van en word georganiseer deur SATourism.
- Albei is oop vir die publiek.
- Albei het besigheid-tot-besigheid-netwerkgeleenthede.
- Albei word in Suid-Afrika gehou.

**[12]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

**AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME**

**VRAAG 7**

7.1 Die hotel kan laevloei-stortkoppe installeer wat minder water deurlaat. ✓✓ SR
Die hotel mag die opgehoopte reënwater gebruik om toilette te spoel in plaas van normale watervoorraad. ✓✓
Die hotel voorsien gaste van water vanaf sy eie waterfiltrasiesentrum op die perseel, wat op gebottelde waterverbruik bespaar. ✓✓

- Die hotel kan gaste versoek om nie hul linne daagliks te laat was nie, maar slegs elke 2de dag.
- Die hotel kan laevloei-dubbelspoeltoilette installeer wat minder water gebruik.
- Die hotel kan Energy Star-gesertifiseerde toestelle gebruik.
- Die hotel kan waterlekke in stand hou om die waterrekening te verminder.

**LET WEL:** *Aanvaar voorbeelde relevant tot die vermindering van watergebruik.* (6)

7.2 Herwin ✓ (*Recycle*) SR
Verminder ✓ (*Reduce*)
Hergebruik ✓ (*Reuse*) (3)

7.3 Ekonomiese ✓ SR
Handwerk en kunswerke wat deur die plaaslike gemeenskap vervaardig is, is gekoop eerder as uitkontrakteer. ✓

- Werkskepping vir die plaaslike gemeenskap.
- Bespaar op die aankoop en vervoer van gebottelde water deur 'n waterfiltreringsfasiliteit op die perseel te hê.
- Bespaar op die aankoop en vervoer van kompos.

Omgewing ✓
Die oord werk op 100% sonkrag. ✓

- Die oord vang reënwater op.
- Die oord het sy eie waterfiltrasie-sisteem op die perseel om die gebruik van enkelgebruik-plastiekbottels uit te skakel.
- Die oord beoefen herwinnings- en hergebruiksprosesse.
- Die oord het 'n wurmgebaseerde septiese stelsel.
- Die oord kweek sy eie kruie en groente.

Sosiaal ✓
Die plaaslike gemeenskap word by die oord en hotel in diens geneem.✓

- Die hotel ondersteun die Rise Beyond the Reef-liefdadigheids-organisasie.
- Ondersteun vroue en kinders.
- Bevordering van die kultuur in die gemeenskap. (6)

**[15]**

**VRAAG 8**

8.1. Groen toerisme ✓ SR
- Etiese avonture
- Etiese toerisme
- Omgewingsvriendelike toerisme
- Etiese wildlewe-ervarings
- Verantwoordelike reis / Eko-vriendelike vervoer (1)

8.2 Verantwoordelike toerisme gaan daaroor om die bestemming te geniet met minimale impak op die omgewing en oor die ondersteuning van die plaaslike gemeenskappe en die bevordering van kulturele respek. ✓✓ SR
- Verantwoordelike toerisme bevorder volhoubare reispraktyke wat die natuurlike omgewing beskerm en ondersteun die plaaslike gemeenskappe.
- Moenie plante afbreek of saamneem nie.
- Moenie rommelstrooi nie

**LET WEL**: *Aanvaar voorbeelde relevant tot verantwoordelike toerisme.* (2)

8.3 SR

Rwanda ✓

Gedragskode vir Toeriste: Wildbewaring ✓
Moenie kunsvlyt of produkte koop wat van bedreigde spesies gemaak is nie. ✓
Moenie die diere voer of uitlok nie.✓
- Bly op aangewese paaie.✓
- Beweeg stil om nie die gorillas in hul natuurlike habitat te versteur nie
- Volg die leiding van die parkwagter wanneer jy die silwerrug-manlike gorilla teëkom

**OF**

Noorweë of Switserland
- Moenie enige natuurlike item uit die omgewing verwyder nie.
- Verminder jou koolstofvrystelling
- Bly op aangewese paaie.
- Bespreek klein toere om die negatiewe impak van massatoerisme te vermy.
- Gebruik omgewingsvriendelike vervoer.
- Herwin wanneer moontlik.
- Kies omgewingsvriendelike akkommodasie. (4)

8.4 Kabelkarre ✓ SR
Fietsry ✓
- Elektriese treine
- Elektriese busse
- Klimaatneutrale bote
- Elektriese trems
- Kabelspoorweg
- Dier-aangedrewe vervoer
- Mens-aangedrewe vervoer (2)

8.5 Toeriste kan plaaslike gemeenskappe ondersteun deur plaaslike verblyf te kies. ✓✓ SR
Toeriste moet plaaslike kulture respekteer deur oor hul gebruike en tradisies te leer. ✓✓
Verminder plastiekafval deur waterbottels, inkopiesakke en houers te hergebruik. Vermy 'n enkele gebruik. ✓✓

- Toeriste moet energie- en waterverbruik verminder deur hulpbronne te bespaar deur ligte, lugversorging en verwarming af te skakel wanneer dit nie gebruik word nie.
- Gebruik volhoubare vervoermiddele.
- Neem deel aan verantwoordelike aandenkingsinkopies.
- Neem deel aan vrywilligerswerk en gemeenskapsprojekte.
- Kry toestemming van die plaaslike gemeenskap (foto's/inskrywing)
- Volg 'n verantwoordelike gedragskode. (6)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: BINNELANDSE, STREEKSE EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 9

9.1 9.1.1 30ste Konferensie van Partye ✓✓ DRI
- Verenigde Nasies se Klimaatsveranderingskonferensie
- Klimaatberaad
- Internasionale klimaatvergadering (2)

9.1.2 'n Beraad is 'n vergadering van wêreldleiers om kwessies van internasionale belang te bespreek en vriendskaplike oplossings te bereik. ✓✓ DRI
- 'n Konferensie waar die presidente van lande en hul gevolg van verteenwoordigers bymekaarkom en vergader om items op 'n agenda van wêreldbelang te bespreek. (2)

9.1.3 Daar sal infrastruktuurontwikkeling wees wat die verbetering van paaie, telekommunikasie en elektrisiteitsvoorsiening kan insluit. ✓✓ DRI
Daar sou 'n toename in buitelandse valuta-inkomste wees, aangesien die wêreldleiers buitelandse valuta sou moes ruil om goedere en dienste tydens die beraad te koop. ✓✓
- Sommige maatskappye kan oorweeg om in die gasheerland te belê.
- Die vermenigvuldigingseffek sal gestimuleer word aangesien baie besighede by die wêreldberaad sal baat.
- Opgegradeerde lokale wat 'n nalatenskap agterlaat na die gebeurtenis.
- Tydelike en permanente werksgeleenthede in die gasheerland, veral in die gasheerstad Belém.
- Vaardigheidsontwikkeling vir die plaaslike burgers wat betrokke is by COP30.
- Verhoogde toerisme na die gasheerland tydens en na die konferensie deur familie-aansluiting, verlengde verblyf en terugbesoeke.
- Globale sigbaarheid of blootstelling as gevolg van mediadekking van die vergaderings in die gasheerland. (4)

9.1.4 Die aanstelling van hoëvlak-sekuriteit sou baie duur wees vir die beplanningskomitee. ✓✓ DRI
Paaie sal toegemaak word, met verkeersopeenhoping, oorbevolking en 'n hoër ongeluksyfer. ✓✓
- Daar kan terreuraanvalle wees.
- Dit kan lank neem vir die land om die skuld wat deur die uitgawes aangegaan is, af te betaal.
- Hoë koste vir die huur van lokale, sekuriteit, spyseniering en verblyf vir afgevaardigdes.
- Ontwrigting van plaaslike besighede, veral dié in die gasvryheids- en toerismebedryf, as gevolg van die groot toestroming van besoekers.
- Die verhoogde vraag na goedere en dienste kan daartoe lei dat inflasie die lewe vir plaaslike inwoners duurder maak.
- Verplasing van plaaslike inwoners om plek te maak vir infrastruktuurontwikkeling. (4)

- Toename in misdaad rondom plekke waar afgevaardigdes bymekaarkom om die konferensie te bereik en by te woon.
- Protesoptogte en demonstrasies deur plaaslike burgers as gevolg van verhoogde mediadekking wat hulle vir hul saak wil gebruik.
- Verhoogde koolstofvoetspoor as gevolg van verhoogde vervoervrystellings vir gevolge, sekuriteitspanne, spysenieringsverskaffers, ens. en as gevolg van ander bydraes.
- Afvalbestuur neem toe in volume en koste.
- Skade aan plaaslike ekosisteme as gevolg van plaaslike toeskouers, mediapersoneel, sekuriteitspanne, konferensieverskaffers, ens. wat vir die beraad bymekaarkom.
- Menseregte-kommernisse veroorsaak deur verhoogde sekuriteitsmaatreëls.
- Werkverlies na die beraad beïnvloed die plaaslike Brasiliaanse ekonomieë.

9.2 Comrades-marathon ✓ DRI
Wimbledon ✓
Olimpiese Spele ✓

- Sokker Wêreldbeker
- Krieket Wêreldbeker
- G7-beraad

**LET WEL:** *Enige DRIE wêreldwye gebeurtenisse wat gereeld georganiseer, beplan en gehou word.* (3)

9.3 9.3.1 (a) Verenigde Koninkryk ✓ DRI
België (gebaseer op 2024% van Maart 2023)
Duitsland (gebaseer op 2024% van Maart 2019) (1)

(b) Italië ✓ DRI
Australië (gebaseer op 2024% van Maart 2023)
Indië (gebaseer op 2024% van Maart 2019) (1)

9.3.2 Lugmarkte ✓✓ DRI

- Bronmarkte
- Internasionale/Oorsese markte
- Europese markte
- Top 10 markte (2)

9.3.3 Australië ✓✓ DRI
Indië ✓✓ (4)

9.3.4 Bemarkingsinisiatiewe is nie genoeg gefokus op hierdie markte nie ✓✓ DRI

- Minder suksesvolle bemarkingsveldtogte
- Negatiewe *word of mouth*-reklame
- Slegte media-publisiteit
- Onvoldoende lugtoegang
- Probleme met die verkryging van reisdokumente
- Post-COVID herstelstrategie om steeds ten volle suksesvol te wees vir hierdie markte. (2)

**[25]**

**VRAAG 10**

10.1 Kliënteterugvoer help 'n besigheid om sy sterk- en swakpunte te evalueer ✓✓ KK

- Kliënteterugvoer help om 'n besigheid se produkte te verbeter om aan die verwagtinge en behoeftes van die kliënt te voldoen.
- Terugvoer kan kliëntelojaliteit handhaaf.
- Terugvoer help om 'n mededingende voordeel te behou. (2)

10.2 Bied personeelopleidingswerkswinkels aan ✓ KK
Neem meer geskoolde werknemers in diens ✓
Reageer betyds op klagtes. ✓

- Bied lojaliteits- of beloningspunte aan.
- Spreek areas van kommer aan.
- Bestuur sosiale media reputasie (3)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**

**TOTAAL: 200**